

Dronkenskap – Drank en Wyn misbruik (‘n Artikel vir die Christen)

Mag ek sterk drank of wyn gebruik ?

Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie (1 Kor 6:12).

Waarom is dit ‘n artikel vir die Christen ?

Hierdie artikel is gerig aan die Christen wat weet hy is wedergebore. Vir die wêreldling sal dit in elk geval nie sin maak nie omdat dit geestelik be-oordeel moet word. “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.” (1 Kor 2:14). Vir die ongereddene of afvallige is die waarskuwing in die Bybel: “Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie”. (1 Kor 6:10), steeds die tugmeester na Christus toe om gered te word. (Gal 3:24).

Maar dit is tog wetties om te sê mense mag nie drank gebruik nie ?

Korrek, en daarom probeer hierdie artikel dit ook nie sê nie. Die inligting hierin is soos ‘n balansstaat van voordele en nadele. Elkeen moet sy eie balansstaat eerlik opstel en as die nadele die voordele oorskry in my lewe, dan is dit nie nuttig om drank te gebruik nie, of dan laat ek my lewe daardeur oorheers. Elkeen moet self besluit of hy drank gaan gebruik of nie, en hoe hy dit gaan gebruik.

Maar oordeel u nie oor ander se gewetens hier nie ?

Geen mens mag ‘n ander oordeel oor wat in sy hart aangaan nie. Net God weet of ons drank met ‘n skoon gewete kan gebruik of nie. Maar om te waarsku is nie om te oordeel nie. Ons word intendeel opgeroep om mekaar selfs elke dag as dit nodig is te vermaan. Om te vermaan is om iemand se daad/woorde/gedrag te be-oordeel en die persoon in liefde te probeer reghelp om te verhoed dat die persoon in sonde verval. “Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Hebreërs 3:13). Natuurlik is daar ‘n geestelik gawe van vermaning (Rom 12:8), so die wat dit nie het nie, moet maar met takt optree of deur hul voorbeeld ‘n vermaning wees.

Ek benadeel mos niemand as ek dit gebruik nie ?

Ons moet onthou dat ons ‘n voorbeeld stel aan ons kinders, vriende en familie. Paulus het gesê dat hy geen wyn sal gebruik tot in ewigheid as dit ander laat struikel nie (Rom 14:21). Hoe weet ons vandag of ons kinders nie geneties geneig is tot verslawing nie ? Daar is baie ouers wat diep spyt is dat hulle hulle kinders aan drank blootgestel het sonder om hulle ook deeglik te waarsku teen die misbruik daarvan. Dan is daar ook baie ouers wat diep spyt is dat hulle hulle kinders ooit aan drank blootgestel het. Ouers wat kinders verloor het in motorongelukke waar hulle onder die invloed bestuur het, ouers wie se kinders alkoholiste geword het, is bitter spyt daarvoor. Die vraag is steeds of ons in hierdie tye waar dit fatsoenlik geword het om drank te gebruik, nog versigtig is of nie ?

Wat is tog nou die nadele daarvan ?

As dit jou verhouding met die Here beïnvloed, dan is die nadele groter as die voordele. Let op jouself, of laat ander jou beoordeel. Word jy ligsinnig, vertel of lag jy vir vuil grappe, word jy aggressief en maak vyande, bestuur jy onverskillig wanneer jy drank gebruik het ? Indien wel, is dit iets wat jou verhouding met die Here benadeel. DIE wyn is 'n spotter, en sterk drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie. (Spreuke 20:1). Die eerste wynbouer, Noag, se kleinseun Kanaan is vervloek omdat Gam sy vader bespot het oor sy dronkenskap. (Genesis 9). Lot is verlei nadat hy wyn gedrink het. "Hulle gee toe dié nag weer aan hulle vader wyn om te drink, en die jongste het opgestaan en met hom gemeenskap gehad sonder dat hy dit gewaar het toe sy gaan lê en toe sy opstaan. So het dan die twee dogters van Lot by hulle vader bevrug geword (Genesis 19).

Drank het tog baie voordele, as ek 'n glas wyn elke dag drink gaan ek langer lewe ?

Ons ken baie mense wat baie oud geword het sonder wyn. Dit klink meer na die bemerkingstruiks van wynmaatskappye as enigiets anders. Jy verbeter intendeel jou kans om in die tronk te beland vir onder die invloed bestuur, of om 'n alkoholis te word as jy elke dag 'n glas wyn gaan drink. Die voorbeeld wat dit aan jou kinders en kleinkinders oordra is ook glad nie goed nie. Gaan jy die rede wees dat een van jou kinders of kleinkinders wat geneties geneigd is tot verslawing 'n volslae alkoholis word ? Miskien moet ons eerder versigtig wees as so ingestel op ons eie regte en voorregte. 'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander (1 Kor 10:24).

Maar, ek kan nie ontspaan of gesellig wees sonder drank nie ?

Dit is al goed bewys in die mediese wetenskappe dat mense wat drank vir hierdie doel gebruik, emosioneel onvolwasse bly en hulleself beroof van die normale emosionele ontwikkeling waardeur elke mens moet gaan. Die patroon van oorsaak en gevolg is hier iets wat in jou wese vasgelê word, en een of ander tyd gaan jou onvolwasse optrede jou diep in die skande steek. Drank moet nooit 'n plaasvervanger wees vir die Heilige Gees wat ons vreugde in die Here is, word nie. Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul. (Efesiers 5:18).

Watter voorbeelde is daar in die Bybel van geheelonthouers ?

1) Die Nasireers wat spesiaal deur God afgesonder was, mag geen wyn of sterk drank gebruik het nie. Is jy in 'n unieke situasie van bediening, bv. 'n predikant, evangelis, pastoor, ouderling, diaken, geestelike leier ? As drank jou verhouding met die Here of jou voorbeeld na buite skade berokken is dit miskien 'n ope vraag of jy ook ter wille van jou roeping eerder dit wat jou geoorloof is sal vaarwel roep. Dit kan net lei tot meer seën in jou geestelike werk. "Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. Maar in 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer. As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk." (2 Tim 2:19-21).

2) 'n Vader wat sy hele nageslag beskerm het teen die nadele van drankmisbruik deur self 'n geheelonthouer te wees en sy kinders dit ook te leer. Die Here het hierdie voorbeeld van die kinders se gehoorsaamheid aan hulle vader se voorskrifte gebruik as 'n sinnebeeld oor hoe sy volk aan hom ook gehoorsaam moet wees. "Die woorde van Jónadab, die seun van Regab, wat hy sy kinders beveel het om geen wyn te drink nie, het hulle gehou; want hulle het geen wyn gedrink tot vandag toe nie, maar het geluister na die gebod van hulle vader. En Ék het met julle gespreek, vroeg en laat, maar julle het na My nie geluister nie." (Lees Jeremia 35).

So moet ons almal nou geheelonthouers word ?

Nee, maar ons hoef ook nie almal drank te gebruik asof die lewe net daaruit bestaan nie. Christene wat voel hulle moet drank gebruik om in te pas by die wêreld, maar sien dat dit hulle skade berokken, behoort met vrymoedigheid te kan besluit om hulle in geheel te onthou daarvan. Wat is die nut daarvan om iets te gebruik wat jou lewenskwaliteit verlaag en vir jou gedurig skade en skande voortbring ?

Deon Roelofse

9 Desember 2011 – Pretoria